

Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 13

> *Dan bring ons die ark van ons God na ons toe terug; in Saul se tyd het ons ons nie daaroor bekommer nie. (1 Kron 13:3)*

Die ark van God, ook genoem die Verbondsark, was die heiligste voorwerp in Israel se godsdiens (Eks 25:10-22). Dit was vir

Israel ’n teken van God se teenwoordigheid onder hulle.
Dié ark is deur die Filistyne buitgemaak in die tyd toe Eli nog in Silo hoëpriester was, meer as vyftig jaar tevore, nog voor Saul koning was. En nou wil Dawid die ark na Jerusalem bring. Hy praat met sy mense en almal stem saam: dit is reg en moet gebeur.
Die plan misluk egter skouspelagtig toe Ussa sterf. Hoekom? Was dit ’n verkeerde plan? Wou God dit nie gehad het nie? Hoekom gebeur dit soms dat dinge wat ons met die beste bedoelings beplan, misluk? Meestal is daar nie ’n maklike antwoord nie. Dis gewoon deel van die gebroke werklikheid. Soms kan ons egter teleurstellings terugvoer na oordeelsfoute wat ons gemaak het, soos hier, toe Dawid die ark met ’n militêre triomfmars na sy stad wou neem, in plaas van as ’n geestelike prosessie.
Wanneer jy met heilige dinge, en met die heilige God self, te make het, moet jy suutjies trap.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026